Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Inbelsentrum**
Hoofdirektoraat: Mensbestuurspraktyke
0861 819 919

Lêerno.: 3/3/2/3/2
Verwysing: 20230908-7877

Omsendbrief: 0028/2023
Vervaldatum: 31 Desember 2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde van alle onderwysinrigtings en Lede van beheerliggame

Kort opsomming: *Kondonering van die omskakeling van kontrakaanstellings van opvoeders op posvlak 1-poste in permanente aanstellings.*

**Onderwerp: Kondonering van die omskakeling van kontrakaanstellings van opvoeders op posvlak 1-poste in permanente aanstellings**

1. Hierdie omsendbrief het betrekking op alle onderwysinrigtings in die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD).

2. Hierdie omsendbrief moet saamgelees word met Omsendbrief 0005/2019, gedateer 05 Januarie 2019, Omsendbrief 0020/2020, gedateer 23 Julie 2020, Omsendbrief 0036/2022, gedateer 22 September 2022, en Werwing-en-keuringsminuut 0003/2019, gedateer 29 Mei 2019.

3. Daar is tans meer as 8 000 posvlak 1-opvoeders in diens van die WKOD wat op kontrak aangestel is.

4. 'n Ontleding van die profiele van opvoeders wat op kontrak aangestel is, het bevestig dat talle posvlak 1-opvoeders nie die vak of fase waarvoor hulle gekwalifiseer is, onderrig nie.

5. Die Hoof van Onderwys kondoneer hiermee die omskakeling van aanstellings (kontrakaanstellings wat in permanente aanstellings omgeskakel word) van alle posvlak 1-opvoeders wat nie die vak of fase waarvoor hulle gekwalifiseer is, onderrig nie, en wat op 01 Oktober 2023 in diens van die WKOD is.

6. Professioneel gekwalifiseerde opvoeders wat nie die vak of fase waarvoor hulle gekwalifiseer is, onderrig nie, maar wat reeds permanent aangestel is, asook diegene wat as gevolg van hierdie inisiatief permanent aangestel sal word, moet verseker dat hulle in die toekoms deur middel van beursaansoeke of op eie koste hul kwalifikasie in ooreenstemming bring met bevorderingsgeleenthede.

7. Die proses sluit die volgende kategorieë opvoeders uit:
7.1 posvlak 1-opvoeders wat as plaasvervanger-opvoeders aangestel is
7.2 opvoeders by vaardigheidskole (hierdie kategorie word afsonderlik hanteer)
7.3 buitelandse opvoeders
7.4 afgetrede opvoeders
7.5 opvoeders wat op mediese gronde ongeskik verklaar is vir werk
7.6 opvoeders wat enige tipe skeidingspakket aanvaar het
7.7 ongekwalifiseerde en ondergekwalifiseerde opvoeders (ROKW 10–12).

8. Opvoeders wat vir die omskakeling kwalifiseer, moet die volgende skakel gebruik en die vorm teen 03 November 2023 voltooi: https://forms.office.com/r/GPDXyfTQb2.

9. Hoofde van onderwysinrigtings moet verseker dat alle posvlak 1-poste deur middel van die omskakelingsproses met permanente aanstellings gevul word. Poste wat nie gevul word nie, moet in Vakaturelys 01/2024 geadverteer word.

10. Hoofde van onderwysinrigtings word ook daaraan herinner dat die vereistes wat in paragraaf 9 uiteengesit is, volledig nagekom moet word.

11. Hierdie proses is die inisiatief van die werkgewer. In gevalle waar posvlak 1-opvoeders dus die aanbod van permanente aanstelling weier, moet geregverdigde redes aan die prinsipaal van die skool verskaf word. Indien gevind word dat die redes nie geregverdig is nie, sal die opvoeder outomaties permanent aangestel word of die kontrak sal nie hernu word nie.

12. Permanente aanstellings sal op 01 Januarie 2024 bevestig word.

13. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle belanghebbers en personeel.

**GETEKEN**: B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2023-10-24